
# NUWE KERK TE MARQUARD.



Op 28 Januarie is die nuwe kerkgebou van die Ned. Geref. Kerk te Marquard ingewy. Daar was 'n buitengewoon goeie opkoms. Saterdagmore het 'n groot skare in en om die ou kerk bymekaar gekom. Ds. G. J. de Vos het 'n afskeidswoord gespreek na aanleiding van Hab. 2:11. Na die diens het die skare van omtrent 1,200 mense in 'n optog gegaan na die nuwe kerkgebou. Vooraan het, met die bybel in die hand, oud-ouderling P. Pieterse geloop en naas hom ouderling Jannie Leonard met die gesangboek. Na hulle het gekom die lede van die boukommissie en agter hulle di. J. D. Kestell, de Wet (Thabantsjoe), de Vos en eerw. Kok, van Marquard.

Ds. de Vos het die deur van die nuwe gebou oopgemaak. Die gemeentelede het hul plekke in die godshuis ingeneem onder die sing van Ps. 100.

Ds. Kestell het die inwydingsrede gehou. Hy het in 1906 die hoeksteen gelê van die ou kerkgebou.

Uit die verslag van die boukommissie blyk dat, as al die beloofde gelde ingesamel is, daar net maar £537 skuld op die gebou sal wees. Mnr. G. Moerdyk was die argitek.